Woensdag **11 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 92**

**Fokusgedeelte: Psalm 92:6**

**Stop! Rig jou gedagtes op die ondeurgrondelikheid van God**

Hierdie Psalm is geskryf as ’n lied vir die sabbatdag. Die doel en betekenis van die sabbat is onder andere om aan ons die geleentheid te gee om ons gedagtes vol te maak met die groot dade van God.

Die belangrikheid van gedagtes lê in hulle vermoë om ons persepsies, optrede en algehele welstand te vorm. Hier is ’n paar redes waarom gedagtes betekenisvol is:

- Gedagtes het ’n invloed op emosies: Positiewe gedagtes help dat ons in ’n goeie bui sal wees, dit bevorder ons geluk en dit bevorder ’n positiewe uitkyk op die lewe. Negatiewe gedagtes aan die ander kant lei tot angs en pessimisme. Deur positiewe en konstruktiewe gedagtes te kweek, kan ons ons emosies en algehele welstand beter bestuur.
- Gedagtes het ook ’n impak op gedrag: As ons konsekwent negatiewe of selfbeperkende gedagtes het, sal ons meer geneig daartoe wees om onsself skade aan te doen of dit sal maak dat ons nie bereid is om risiko's te neem nie. Aan die ander kant kan positiewe en bemagtigende gedagtes ons motiveer en inspireer om aktiewe en positiewe veranderinge in ons lewens te maak.

Kyk gerus ook na die volgende teksgedeeltes wat die belangrikheid van gedagtes beklemtoon (Ps. 141:4; Spr. 10:20; Jes. 32:6; Eseg. 13:3; Matt. 15:19; 2 Kor. 11:3; Fil. 4:7, 8).

Iets van hierdie positiewe lewensuitkyk sien ons by die gelowiges wat met krag (11), sterkte (13), lewenskragtig (15) en as oorwinnaars (12) leef. En die rede vir hierdie positiewe uitkyk kry ons in vers 2 tot 6. Die gelowige maak sy gedagtes vol met die heerlikheid van God deur Hom te loof en sy Naam te besing (1). Deur in die oggend te praat oor God se liefde en in die aand te praat van sy trou (3). Dít maak die gelowige bly, want dit herinner hom daaraan dat God onpeilbaar is (6).

As Nuwe-Testamentiese gelowiges het ons soveel meer rede om ons gedagtes vol te maak met die heerlikheid van God. Ons sien sy ondeurgrondelikheid op ’n besondere manier wanneer Christus onskuldig ter dood veroordeel word. Daar lyk dit of onregverdigheid en sonde oorwin, maar dan staan Jesus op uit die dood. Hy betaal met sy lewe, sodat ons gered kan word van die dood.

Dis wanneer ons ons gedagtes so op God se heerlikheid, ondeurgrondelikheid, liefde en genade rig dat ons – ten spyte van die teëspoed en onreg in hierdie lewe – steeds in alle omstandighede kan volhard deur op Hom te vertrou.

Daarom is dit uiters belangrik om ons gedagtes op God te rig, want dan sal ons soos die palmboom hoog en rustig groei (vs 13, 14).

*Sing: Psalm 92-1:1, 6*

*Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)*